*Scriptura 99 (2008), pp. 247-258*

# DIE REFORMATORIESE VERSTAAN VAN DIE GELOOFSGEMEENSKAP (GEMEENTE) AS 'N PUBLIEKE GEMEENSKAP

Dr Coenie Burger
Buvton
Universiteit Stellenbosch

**Abstract**

***The Reformation's Understanding of the Faith Community (Congregation) as a Public Community***

*This article focuses on the Reformed theological understanding of the church as a public church. Although the Reformation did not know the term 'public church', the concept behind the term was from the beginning intrinsic to the Reformed ecclesiology. The article further argues that the specific Reformed contribution to the term lies in two unique emphases: firstly, their grounding of a public understanding of the church in a public understanding of the Gospel, and secondly, a strong commitment not only to ideas and visions but also to practical plans and strategies. In the second part of the article these principles are applied to the current South African situation.*

**Key words:** Faith Community, Public Church, Reformed Ecclesiology

## Oor die belangrikheid van die tema 'publieke kerk'

Hoewel ons land die afgelope tien jaar in vele opsigte geseën is en dit beter gaan as wat baie mense in die middel tagtigs gedink het moontlik is, is dit ook so dat ons jong demokrasie baie broos is en voor 'n hele paar groot publieke uitdagings staan. Ons almal ken die lys: armoede, vigs, misdaad en geweld, opvoeding, familie, en les bes, groter geregtigheid en versoening.

Daar kan min twyfel wees dat die Christelike kerk 'n wesenlike bydrae te lewer het tot die hantering van die meeste van hierdie kwessies, en al hoe meer mense in die land begin dit besef. Dit is beslis so dat minstens die regering, meer as in die verlede, te kenne gee dat hulle weet dat die land die kerke en hy insette baie nodig het.

Dat die kerke 'n konstruktiewe en betekenisvolle rol in die toekoms van die land *gaan* speel, is op geen manier vanselfsprekend nie. In vele opsigte doen ons nie wat ons kan en behoort te doen nie. In 'n land waar (volgens SA Statistiek se 2001-syfers) 79,8% van die landbevolking volgens eie getuienis deel is van die Christelike kerk, behoort dit nie te lyk soos wat dit by ons lyk ten opsigte van vigs en misdaad om maar twee voorbeelde te noem nie. Daarom is geleenthede waar ons oor die sake kan saampraat, baie belangrik. Saampraat en saamdink hieroor kan die kerk dalk help om sy werk beter te doen. Hierdie artikel is dan ook n produk van só 'n saampraat geleentheid by die WGPT in Januarie 2004 met die titel, "Die ontwikkeling van 'n publieke kerk".

## Martin Marty se gebruik van die term

Voordat ons oor die reformasie se verstaan van die rol van die kerk en gemeente kan begin praat, is dit belangrik dat ons eers van nader kyk na die uitdrukking 'publieke kerk'. Dit is belangrik omdat hierdie 'n nuwe uitdrukking is waarvoor 'n mens bv. verniet sal soek in die literatuur van en oor die reformasie. 'n Mens kan ook nie aanneem dat almal presies weet wat bedoel word as ons praat van 'n publieke kerk nie. Die uitdrukking lê nie ver van ander uitdrukkings soos publieke teologie, publieke godsdiens ('public religion') en selfs burgerlike godsdiens ('civil religion') nie, maar dit dui tog op heel verskillende sake.

Na die beste van my wete is die term publieke kerk op die tafel geplaas deur Martin Marty met 'n boek *The Public Church* wat in 1981 gepubliseer is. Die boek is haastig en met patos geskryf as reaksie op die sg. hoofstroomkerke in die VSA se krisis met wat Marty (1981:ix) noem moraal (entoesiasme, toewyding) en missie (wat kerke veronderstel is om te doen). Hy praat van 'n lusteloosheid wat hy in die sg. hoofstroomkerke sien, 'n verlies aan oortuiging en entoesiasme. Hierdie lusteloosheid is gekoppel aan 'n vreemde, dieplopende onduidelikheid oor die werklike taak en funksie van die kerk. Dis asof mense heeltemal vergeet het van die droom van die Puriteine om 'n heilige gemeenskap ('holy commonwealth') op 'n berg te bou wat deur almal gesien sal kan word.

Wat hy wel sien, is die groei van 'n ander soort Christendom wat óf bloot appelleer op mense se persoonlike behoeftes aan geloof en ondersteuning óf wat gemeenskappe wil bou wat byna oorlogsugtig teenoor ander groepe staan en met ongeduld gereed is om hulle die stryd aan te sê (Marty 1981:xi). Marty wys hier tereg op twee groot gevare vir alle godsdiensgroepe, ook die Christelike kerk, nl 'n totaal geïndividualiseerde geloof wat geen verantwoordelikheid vir die gemeenskap wil aanvaar nie en 'n aggressiewe soort fundamentalisme wat sigself voortdurend teenoor ander opstel.

Op 'n manier het albei hierdie probleme te doen met die deurwerking van moderniteit en die ontwikkeling van individualisme en voluntarisme. In 'n poging om naby mense te bly en hulle vir die kerk te behou het, het sommige kerke ook maar hierdie individualistiese swaai gemaak. In 'n moderne mark waar al hoe meer mense sê dat die kerke nie relevant is vir hulle nie, probeer die kerke hulself toespits op die persoonlike behoeftes van lidmate – met 'n toenemende negering van wat op die publieke toneel gebeur. "The market orientation of religion in the current revival leads it to cater to individuals but not to build community" (Marty 1981:ix).

'n Ander manier om dit te sê, is dat moderniteit meegehelp het om 'n diep skeiding tussen privaat en publiek te vestig (vgl hieroor Marty 1981: 94v.). Hierdie skeiding is 'n uiters belangrike faktor in die meeste moderne state en beïnvloed vele aspekte van mense se lewens. Dit raak ook die moderne verstaan van godsdiens baie diep. Baie mense dink dat moderniteit sondermeer teen alle godsdiens is. Dit is nie heeltemal so eenvoudig nie. Wat met meer stelligheid gesê kan word, is dat moderniteit vra dat godsdiens uit die publieke arena gehaal moet word. As mense in die privaatheid van hul huise en selfs in privaat 'klubs' (soos wat heelwat gemeentes getipeer sou kon word) dit wil bedryf, is dit hulle eie saak. Hierdie onderskeid is fundamenteel vir die verstaan van 'n groot deel van die kerklike lewe in bv. die VSA. Vir hulle eie oorlewing (en soms florering!) is heelwat kerke bereid om hierdie konsessie te maak: ons bedien 'n evangelie wat aangepas is by ons behoeftes en dink en sê min oor wat aangaan in die lewe daarbuite.

In die proses oordeel Marty (1981:16-17) dat die evangelie wesenlik verkeerd verstaan word. Die evangelie skenk nie net aan ons 'n geloof wat red ('saving faith') nie, maar ook 'n lewensordenende geloof ('ordering faith') waardeur die totale lewe gedien, bewaar en vernuwe kan word. Christus gee nie net om vir die kerk nie, maar ook vir die wêreld. Hy

herinner in die boek aan die pragtige Jer 29 vs 7: "Bevorder die belange van die stad waarheen ek julle in ballingskap wegvoer, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange".

Kan ons hieruit 'n soort definisie van 'n publieke kerk formuleer? Nêrens in die boek gee Marty 'n netjiese afgebakende definisie van wat hy presies bedoel met publieke kerk nie. As ons dit eenvoudig wil hou, sou ons kon sê dat 'n publieke kerk 'n kerk is wat nie net oor sy eie lidmate en hulle persoonlike wel en weë besorg is nie, maar wat ook 'n rol probeer speel in die breër samelewing omdat hulle glo dat die Drie-enige God, die Skepper, Heer en Verlosser van die ganse wêreld is.

## 'n Reformatoriese verstaan van die kerk as publieke kerk

### Hoewel hulle nie die woord gebruik het nie, ken die reformasie die saak van 'n publieke kerk

Omdat die term 'publieke kerk' 'n laat-skepping is moet 'n mens versigtig wees as jy wil praat oor 'n reformatoriese verstaan van 'n publieke kerk. Ons leef vandag in 'n totaal ander tyd as die Reformatore. Destyds was die skeiding publiek-privaat nie so skerp getrek soos nou nie, en belangriker nog, dit wat ons sien as die publieke terrein het totaal anders gelyk as vandag.

Tog kan ons met veiligheid aanvaar dat die saak van 'n publieke kerk soos wat ons dit hier bo breed gedefinieër het, baie na aan die hart van die Reformasie se kerkbegrip lê. Een van die belangrikste dryfvere agter die Reformasie by Luther, en meer nog by Calvyn, was hulle droom van 'n kerk wat God se heil vir die totale lewe op aarde wil dien. Peter Matheson (2001:9) argumenteer dat hierdie droom van 'n nuwe, beter wêreld dié dryfveer agter die Reformasie was. Hy herinner daaraan dat die term reformasie 'n visionêre konsep was wat heengewys het na 'n goddelike ingrype wat die kerklike, sosiale en politieke lewe sou herteken. Die fokus van God se verlossing was nooit op die kerk as sodanig nie, maar op die lewe. As die kerk belangrik was, was dit as 'n middel en nie as 'n doel nie. Daarom is Moltmann (1999:132) reg as hy sê dat die koninkryk en die koms van die koninkryk een van die mees sentrale motiewe van die Reformasie was.

Hierdie fokus op die lewe sien ons reeds by Luther. By Luther self en by die hele Lutherse tradisie is daar 'n traagheid om te veel tyd aan ekklesiologie te bestee. Dit gaan in die evangelie nie oor die kerk nie, maar oor God en oor die lewens van mense. By Calvyn is hierdie lewensgerigtheid van die evangelie nog sterker geartikuleer. Graafland (1989: 13-18) som dit mooi op as hy sê dat Calvyn baie hard gewerk het in die gemeente in Genève – nie omdat hy 'n sterk gemeente wou bou nie, maar omdat hy die stad vir God wou red. 'n Mens lees dit oral by Calvyn, in sy Institusie en in sy kommentare: hierdie breë, lewens- en wêreldgerigtheid van die heil. Jy sien dit in die manier waarop hy skryf oor God en sy werk, oor Christus en oor die Heilige Gees.

Die Gereformeerde tradisie is, by uitstek, bekend vir sy sterk lewensgerigtheid. Die bekende stelling van Kuyper dat daar geen duim breedte van die aarde is waarvan Christus nie sê dat dit syne is nie, is 'n goeie opsomming hiervan.

Hoewel hulle nie die term gebruik het soos Marty dit gebruik nie, kan daar min twyfel wees dat die kerk van die Reformasie by definisie 'n publieke kerk was.

As ons dit gesê het oor die Reformatoriese teologie se verstaan van die kerk as publieke kerk, moet ons twee kwalifikasies byvoeg wat uiters belangrik is vir die korrekte verstaan van die saak waaroor ons hier praat.

## Die dieper fundering van die saak: 'n publieke verstaan van die evangelie van Christus

Hoe het die Reformasie gekom by wat ons hier noem 'n publieke verstaan van die rol van die kerk? Dit is eerstens baie belangrik om te begryp dat dit nie opgekom het uit praktiese of politieke oorwegings nie. Hoewel 'n publieke verstaan van die kerk politieke implikasies het, was dit nie die primêre beweegrede nie. Dit het selfs ook nie opgekom uit 'n nuwe besinning oor die kerk en die rol van die kerk nie. By beide Luther en Calvyn is 'n publieke verstaan van die rol van die kerk gefundeer in hoe hulle oor God gedink het. Omdat hulle in 'n lewende God geglo het wat Skepper, Heer en Verlosser was, nie net van die kerk nie, maar van die ganse lewe, dat hulle die evangelie gesien het as 'n publieke waarheid wat implikasies het, nie net vir die binnekring van die gemeente nie, maar vir almal op aarde. Die God van die Bybel, het hulle geglo, is nie net 'n God wat die gelowiges wil versorg en help met hulle persoonlike probleme nie, maar wat die wêreld wil red, verander en nuut maak – sodat vrede, geregtigheid en versoening daarin kan woon. 'n Mens begin nie om die Reformatore te verstaan as jy nie hierdie verband tussen Godsleer en ekklesiologie helder sien nie.

Nader aan ons eie tyd is dit baie interessant dat Duncan Forrester (1997:36) hierdie verband ook by Karl Barth uitwys. Hy oordeel dat Barth, saam met Reinhold Niebuhr, waarskynlik van die heelbeste politieke (publieke) kommentators van ons tyd was. Dit ten spyte van (of dalk te danke aan) die feit dat Barth nie 'n politieke kommentator of politieke teoloog wou wees nie, maar 'n kerklike teologie bedryf het. "A Theology which faithfully followed its own agenda could not, Barth believed, be other than political and prophetic. Barth's work is an impressive account of the nature and priorities of a Christian and church theology that takes both God's Reign and the contemporary world with seriousness, but does not allow the world to set the agenda".

Die Reformatoriese teologie se belydenis dat God 'n lewende God is, is wesenlik vir die regte verstaan van hierdie konneksie tussen godsleer en ekklesiologie. Dat God persoonlik is, werklik leef en in die geskiedenis aan die werk is, is op 'n manier die kern van die Reformatoriese Godsbegrip. Calvyn en Luther se nuwe verstaan van die verlossingsleer het opgekom uit hierdie belydenis dat God 'n lewende, werkende God is wat elke dag nog onder ons en deur ons sy werk doen. By Calvyn word dit veral uitgewerk in die wyse waarop hy skryf oor die werk van God, die Heilige Gees. Dit is deur sy Gees dat 'God en sy Christus' in ons geskiedenis werk.

Dit is alom bekend dat Calvyn meer aandag gegee het aan die Pneumatologie as ander teoloë van daardie tyd – soveel so dat hy soms die teoloog van die Heilige Gees genoem word (vgl Hesselink 1997:177). As 'n mens Calvyn hieroor lees, is dit baie duidelik dat vir hom die Gees nie maar 'n menslike of kosmiese krag is, of 'n simboliese naam vir ons beter pogings, of 'n versamelnaam vir die geestelike kant van die mensheid nie. Die Gees is die lewende, werkende God wat self sy intensies en planne, nie net in die kerk nie, maar ook in die wêreld volvoer.

Daarom is dit nie vreemd dat die Reformatoriese teologie soms oor die relatiewe onbelangrikheid van die kerk kan praat nie. Alles hang nie af van die kerk en dit wat mense en selfs die ampte in die kerk doen nie. Ons heil en die heil van die wêreld is nie in die kerk se hande nie, maar in die hande van die Lewende God.

Die afgelope twintig jaar het Lesslie Newbigin baie mense wat hieroor begin twyfel het, gehelp om weer 'n Bybelse perspektief op hierdie waarheid te kry. In 'n tyd waar die waarheid baie relatief geword het en baie Christene huiwerig en selfs sku geraak het om te praat oor die universele betekenis van die Evangelie van Christus, bely Newbigin onbe-

skroomd die evangelie as 'n publieke waarheid (vgl *The Gospel as Public Truth*, die titel van een van sy boeke).

Forrester (1997:248) vertel dat Newbigin na sy terugkeer uit Indië telkens gevra is wat die grootste probleem was wat hy in die Weste gesien het. "His answer invariably was: 'The disappearance of hope'. Even in the most squalid slums of Madras there was always the belief that things could be improved… In Britian, in contrast, the old hope, the steady confidence in a better future, appeared to have disintegrated' ".

Onderliggend aan hierdie twyfel by die kerk en kerkmense was die vrees dat die evangelie dalk nie die groot krag en waarheid was wat ons geglo het dit is nie. Sommige kerke het so groot geskrik vir die spook van sekularisasie, met sy sosiale interpretasie van geloof, dat hulle dít byna dieper as die evangelie begin glo het. By heelwat kerke en kerkmense in die Weste is die Christelike geloof gereduseer tot 'n sisteem van verhale en simbole wat op 'n wêreldbeskoulike vlak jou (dalk) kan help om sin te maak van jou lewe. Maar van 'n Lewende God wat kan troos en straf, wat omgee en uitreik na ons, wat deur ons en ook buite ons om aan die werk is in die geskiedenis, het weinig oorgebly.

Ek is oortuig dat iemand soos Newbigin – volgens Geoffrey Wainwright (2000:v) 'n nuwe kerkvader na agtien eeue! – ons kan help om nie net hierdie proses van vertwyfeling beter te verstaan nie, maar om ook ons geloof en oortuiging in die waarheid van die evangelie te herwin. 'n Sleutelfaktor hierin is dat Newbigin (1979:5) 'n onderskeid maak tussen ons (begrensde) verstaan van die waarheid van die evangelie en die werklike waarheid van die Evangelie. Ons moet nooit die verstaan van die evangelie toemaak en dink ons weet nou alles daarvan nie. In 'n nuwe situasie en nuwe tye kan God ons verras met wat Hy deur sy Evangelie kan doen in die wêreld en in die lewens van mense. Dit sal nooit uit lyn wees met die geopenbaarde waarheid nie, maar dit kan (en sal waarskynlik) ons beperkte menslike verstaan daarvan oortref. Een van die merkwaardigste dinge by Newbigin is hoe hy absolute respek vir ander mense en hulle geloof, kon kombineer met 'n diepgesete oortuiging in die unieke, universele waarheid van die Evangelie.

Daar is geen manier waarop die kerk sy publieke rol behoorlik kan vervul sonder 'n herstel van sy geloof in die Lewende God en die publieke waarheid van die Evangelie nie. Vir Reformatoriese kerke, in elk, geval is die publieke rol van die kerk veranker in hierdie belydenis.

## Nie net drome en visies nie, maar ook planne en strategieë

Daar is 'n tweede faset van die Reformatore se verstaan van die kerk wat ons in hierdie verband baie goed moet begryp. So belangrik as wat visies en drome is – en die Reformasie het dit geweet – is dit nie al wat 'n mens nodig het nie. Iewers het 'n mens ook planne, prosesse en strategieë nodig waarmee jy hoop van dié drome gerealiseer kan word.

Op 'n manier het Calvyn dit dalk beter verstaan as Luther of, ten minste, meer metodiese werk daarrondom gedoen. Terwyl Luther nie veel moeite gedoen het met die ontwikkeling van 'n praktiese ekklesiologie nie, het Calvyn, veral na sy terugkeer uit Straatsburg, heelwat tyd bestee aan nadenke oor die kerk, sy werking en bedienings. Die rede hiervoor is te vind in sy verstaan van die werk van die Gees. Terwyl die Gees sonder ons kan werk, in die gewone patroon dat die Heilige Gees middellik werk en die kerk en die gelowiges wil opneem in sy werksaamheid op aarde. Die kerk se werk en bedienings is daarom deel van die pneumatologie en dit vra van ons goeie praktiese refleksie en beplanning binne die eie logika van die Gees.

Calvyn het nie net gedroom oor 'n meer verloste wêreld waarin God beter geëer word nie, maar was bereid om met toewyding, ywer en oorleg te werk vir die praktiese

realisering van die visie. Hierdie vasberadenheid van Calvyn om "praktiese weë te soek om die utopiese drome te implementeer" was so duidelik dat dit in 'n stadium heelwat humaniste na die gereformeerde tradisie getrek het (Hexter, 77-88). Fergusson (2002:29) meen ook dat daar by Calvyn, meer as by Luther, 'n diep verbintenis aan daarwerklike sosiale transformasie was. Dit is daarom dat Richard Niebuhr die gereformeerde tradisie se verstaan van die verhouding Christus en kultuur tipeer as 'n transformasiemodel nl. "Christ the Transformer of Culture" (Niebuhr 1956).

Ek het die punt selde so duidelik geformuleer gesien as wat Colin Williams (1967:149) dit gedoen het in sy boek *The Church*. Hy skryf: "We know that a coherent minority with a strong vision can have an inordinate effect on the life of an institution in which the majority live in comparative aimlessness. There is a political responsibility for that minority to turn its vision into an ordered program. To wait for the Spirit without accepting organizational responsibility is a theological failure. It is 'docetism' – a failure to see that word must become flesh and idea institution before the saving life becomes incarnate."

Peter Matheson (2001: 6, 25-26, 56) beweer dat die Reformatore se retoriese insig en vermoë veel meer gedoen het tov die vordering van die Reformasie as wat mense besef. Die ywer en verbeeldingrykheid waarmee hulle bv. die nuwe moonlikhede wat die boekdrukkuns gebied het, aangegryp het om hulle boodskap te kommunikeer, was menslik gesproke die helfte van hulle sukses. Hulle was bereid om mediums te gebruik wat vreemd en nuut was. Hulle het populêre pamflette uitgegee, beeldend gepraat en verstaanbaar geskryf. "We shall argue that poet, artist, musician, printer and pamphleteer allied with preacher so that in Luther's words the Gospel was not only preached, but painted, sung – and we may add – rhymed" (1999: 25). Ek vrees dat nie die hoofstroomkerke nie, maar die evangelikale groepe, met hulle drif vir popularisering, in hierdie verband die werklike erfgename van die reformatoriese tradisie is. Jy kan nog 'n teologiese tradisie aan die gang hou met blote tegniese teologie, maar in 'n lewende kerk het 'n mens retoriek nodig – of jy dit wil weet of nie.

## Wie is die draers van die waarheid van die evangelie in die publieke arena?

### Die kerk het meervoudige gestaltes

Met wat tot hier gesê is, meen ek sal die meeste mense uit die reformatoriese tradisie min probleme hê. Oor die vraag presies hoe die kerk hierdie getuienis in die arena moet dra en presies wie dit moet doen, mag die menings uiteenloop. Op die vraag wie die agente van die publieke getuienis is sou tenminste vyf antwoorde gegee kon word:

- Gewone gelowiges wat daarvoor toegerus is in die gemeente
- Christelike verenigings, partye, assosiasies en groepe wat in die openbare sektor funksioneer
- Die gemeentes self deur ampte, kommissies, ens.
- Die denominasie in sy streeks- en nasionale verband
- En, les bes, die ekumeniese kerk.

Teenoor 'n eksklusiewe keuse vir net een van hierdie opsies sou ek 'n pleidooi wou lewer vir 'n inklusiewe benadering wat ruimte skep vir die meeste van die opsies bo. Vir die doel van hierdie artikel word die fokus egter geplaas op net een van die gestaltes van die kerk naamlik die gemeente.

## Die wesenlike publieke rol van gemeentes

Terwyl niemand sou stry oor die belangrikheid van gelowiges se getuienis nie, sou die gedagte van Christelike verenigings en partye waarskynlik minder algemene instemming kry. Dit hang saam met hoe mense dink oor die rol van die gemeente. Die gedagte van Christelike verenigings en partye was veral sterk toe gemeen is dat die institusionele kerk liefs nie op die publieke terrein moet kom nie.

Die deurwerking van die Missio Dei-teologie en die gepaardgaande sterker verstaan van die kerk as missionêre kerk, het beslis 'n impak gehad op hoe gedink word oor die rol van die institusionele kerk en gemeente. In hierdie kringe sal sonder huiwering 'n sterker rol toegeken word aan die kerk en aan die gemeentes self. Dit is die gemeente self en nie in die eerste plek die individuele gelowiges of verenigings nie, wat die teken, instrument en voorvrug van die koninkryk is. Daar is 'n deel van die gemeente se missionêre taak en publieke getuienis wat ons nie kan afskuif op gewone gelowiges en/of verenigings nie. Terwyl die publieke lewens en persoonlike getuienis van gelowiges baie belangrik is, funkioneer dit ten beste as dit plaasvind binne die breër getuienis en onderskraging van die kerk.

Dit is weereens Newbigin (1989:234) wat ons hier kan help. In sy *The Gospel in a Pluralist Society* skryf hy dat die lewe van die gemeente – en nie individuele gelowiges nie – die primêre (publieke) uitlegger van die evangelie is. Daar is ook ander agente wat kan help om die getuienis te dra, maar as dit nie gesubstansieer word deur die lewe van die gemeente nie, kan daar, menslike gesproke, nie veel van die ander pogings kom nie.

## Hoe gemeentes die publieke rol speel

Hoe doen gemeentes dit? Newbigin se verwysing na die lewe van die gemeente as uitlegger van die evangelie suggereer reeds dat hierdie publieke getuienis nie in die eerste plek gepraat word deur woorde en preke nie, maar wat gesien word in dit wat die gemeente is en doen. Hy wys ook daarop dat in Handelinge dit telkens so was dat die apostel eers oor die evangelie gepraat het as hulle daaroor gevra is – dit was: na aanleiding van die uitsonderlike lewe en dade van die eerste gelowiges (vgl oa 1989:128-140). Rondom Stanley Hauerwas het 'n groep ontwikkel wat in lyn hiermee sê dat die kerk nie 'n sosiale etiek (ons sou kon sê: 'n publieke getuienis) *het* nie, maar dit *is* (vgl Forrester 1997:244). Hulle stel die punt nog sterker as Newbigin en meen dat getuienis in die sin van praat, of gespreksvoering, nie veel werd is nie.

Terwyl 'n mens die onontbeerlikheid van 'n regte lewe voor God en die mense besef, sou ek wou pleit vir 'n meer inklusiewe verstaan van die gemeente se publieke getuienis. Ek het elders (Burger 1999) betoog – saam met mense soos Gabe Fackre – dat daar vier groot praktyke of bedienings is wat menslik gesproke die hart van 'n gemeente se lewe vorm, nl. liturgiese, kerugmatiese, koinoniale en diakonale praktyke. 'n Mens sou die praktyke ook ander name kon gee nl bid-aktiwiteite (liturgie), woord-aktiwiteite (kerugma), wees-aktiwiteite (koinonia) en doen- of diens-aktiwiteite (diakonia). Ek sou hier wou suggereer dat ons die publieke getuienis van die kerk nie net moet beperk tot die wees of doen-aktiwiteite nie, maar as die twee in plek is ook ruimte moet maak vir die woord- en gebeds-aktiwiteite. Ons lewer 'n publieke getuienis deur wat (en hoe) ons bid, praat, is en doen.

Ek is van mening dat dit deur hierdie vier praktyke of bedienings is wat gemeentes nie net na binne opgebou word nie, maar ook na buite hulle publieke getuienis lewer.

- Die erediens is nie 'n plek waar ons moet probeer wegkom van alles daarbuite sodat ons alleen met God kan wees nie; dit is ook die plek waar ons die wêreld met sy nood

onthou en dit voor God bring. Hendrikus Berkhof (1973: 436) sê dat die kerk se belangrikste profetiese funksie is om vir die staat te bid. Ons moet selfs meer doen: ons moet nie net aan ander dink nie; ons behoort ons eredienste so in te rig dat ander daar welkom sal voel. Pat Keifert (1992) wys dit uit as een van die ernstigste foute van die kerk in die VSA, nl. dat die erediens gesien word as 'n private byeenkoms en nie as 'n egte publieke byeenkoms nie waar vreemdelinge verwelkom word nie.

- Dit is veral deur wat ons doen en wie ons bereid is om te dien dat ons 'n sterk getuienis lewer – soms sonder dat ons bedoel het om dit te doen. Dade spreek harder en duideliker as woorde. As ons lewens nie onsselfsugtig is, as ons nie meer omgee en egte liefde uitleef nie, moet ons nie verwag dat ons woorde en preke alleen ander na die evangelie sal lok nie.
- Dit gaan nie net oor wat ons doen nie, maar ook oor wie en wat ons is – dit is: die gehalte en diepte van ons koinonia. Christelike koinonia se uniekheid lê daarin dat dit juis oop genoeg behoort te wees om alle tipes en soorte in te sluit. As ons net heeltyd by mense wil wees wat soos ons is en soos ons dink, verstaan ons nie die diepste intensie van die evangelie nie. Daarom behoort gemeentes ander raak te sien, nie net om hulle te bearbei en te dien nie, maar om by hulle te wees – en hulle te nooi om by ons te wees.
- As ons dit alles doen, sal ons ook kans kry om met mense te praat oor wat ons glo en die geheimenis van die evangelie aan hulle te verduidelik. As die groot woorde van die Christelike geloof soos liefde, geregtigheid, vrede, versoening, verlossing, vryheid, vergifnis, goedheid in ons gemeentes positiewe vrugte dra, sal ons die geleentheid kry om ook met die gemeenskappe waarin ons leef daaroor te kan praat.

Doen ons gemeentes dit? Sonder om die prentjie te negatief te skilder, sou ek wou sê dat ons waarskynlik heelwat beter kan doen as wat ons tans doen. Daar is heelwat faktore wat maak dat gemeentes te veel na binne gerig leef en nie genoegsaam verstaan dat die kerk, soos Aartsbiskop William Temple gesê het, die een organisasie is wat nie vir homself bestaan nie.

In sy analise van die Skandinawies-Lutherse kerke in Minnesota sê Pat Keifert dat hulle nie 'inviting and engaging congregations' is nie omdat die waarheid is dat hulle nie ander mense in die kerk *wil* hê nie. Omdat hierdie kerke vir lank ook die draers was van 'n bepaalde Skandinawiese identiteit wat vir hulle belangrik was, wou hulle nie vreemdelinge in die gemeente hê nie. Ek meen dat dit nie net die storie van die Lutherse kerke in Minnesota is nie, maar die storie van 'n meerderheid van gemeentes die wêreld oor. Gemeentes is nie net gebou rondom 'n christelike identiteit nie, maar in meeste gevalle is hierdie christelike identiteit vermeng met ander, newe identiteite wat mettertyd 'n te sterk rol begin speel. Dit is hierdie newe-identiteite wat dikwels meer as ons christelike identiteit meespreek in hoe ons dink, kyk en oordeel oor mense wat nie soos ons is nie.

Keifert sê in sy boek *Welcoming the Stranger* dat die belangrikste vraag wat 'n gemeente oor hulle eredienste kan vra, is of vreemdelinge daar welkom is – nee meer: of hulle inderdaad daar verwag word – of nie. Die antwoord op hierdie vraag vertel jou alles van die werklike identiteit van 'n gemeente – veral of hulle die hart verstaan van die God wat die vreemdeling liefhet en wil ontvang.

## Meer as gemeentes is nodig

Ons het nie hier tyd om die saak uitvoerig te beredeneer nie, maar daar is geen manier waarop ons kan dink dat gelowiges en gemeentes alleen die publieke getuienis van die kerk kan dra nie. In hierdie verband is die *denominasionele en die ekumeniese gestaltes van die kerk* ook uiters belangrik. Terwyl dit inderdaad so is dat gemeentes uiters belangrik is, is 'n

mens tog bedug vir 'n soort denke vandag wat wil voorgee dat gemeentes die enigste legitieme bybelse gestalte van die kerk is. Dit sou 'n gevaarlike en noodlottige verskraling wees. Ons het die breër gestaltes van kerkwees ook nodig.

'n Faktor wat ons ook hier moet verreken, is dat ons baie moeilik gemeentes soos wat ons dit ken (te meer nog soos die konsep in die VSA ontwikkel het), kan vergelyk met gemeentes in die tyd van die Reformasie en in die Bybelse tyd. In die tyd van die Reformasie was die gemeentes 'parishes' in die sin soos wat die Katolieke vandag nog oor hul gemeentes dink. Die gemeente was nie net daar vir die gelowiges nie; dit was daar vir die al die mense van die stad. Daarom ook dat in heelwat Europese tale die woord gemeente en die burgery in die stad eintlik dieselfde is (vgl ook die woord *ekklesia* in die Nuwe Testament). Dit gee aan die gemeentes onmiddellik 'n feitlik vanselfsprekende publieke gestalte en rol wat gemeentes in ons situasie nie meer het nie. Ons situasie hang saam met 'n patroon wat eerste in die VSA ontwikkel het, waar die kerk en staat geskei is en meer kerke (en godsdienste) toegelaat is om op die dieselfde dorp gemeentes te hê. In so 'n situasie, kan 'n mens verstaan, raak publieke getuienis ingewikkelder. Van die publieke owerhede se kant word die vraag gevra: "Met watter van die twintig kerke moet hulle nou gesels as hulle 'n Christelike standpunt wil hoor?" In so 'n situasie besef 'n mens dat jy meer as net gemeentes nodig het en die ekumeniese kerk en die denominasie 'n rol te speel het.

Daar is teologiese en praktiese redes hiervoor. As ons in die kerk ernstig is oor die waarheid, as ons graag wil glo dat ons self met die waarheid besig is, en dat ons die waarheid aan ander kommunikeer in ons getuienis, behoort ons die eenheid van die kerk baie ernstig te neem. Ons sal moet onthou dat ons die Christelike waarheid net kan ken binne die gemeenskap van die geloof. Hoe meer van ons bymekaar is en saam dink en praat, hoe beter is ons kans om die waarheid van die evangelie uit te vind. Dus: vir ons eie beswil en ter wille van die waarheid van ons publieke getuienis moet ons ten alle koste probeer om dit saam met soveel ander gelowiges as moontlik te doen.

Daar is ook praktiese oorwegings. 'n Groot deel van die publieke besluite wat mense se lewens raak, word op nasionale en internasionale vlak geneem. Plaaslike gemeentes kan baie moeilik op 'n konstruktiewe en betekenisvolle wyse aan so 'n gesprek deelneem. Daarvoor het 'n mens die breër kerkverband en die ekumene nodig. Die kerk gaan geïsoleer en irrelevant raak as ons onsself nie organiseer en gereedmaak om as ekumene en in kerkverband sinvol en verantwoordelik aan die gesprekke deel te neem nie.

## Die publieke kerk in SA: uitdagings

Daar kan min twyfel wees dat die kerke 'n uiters belangrike rol te speel het in die toekoms van ons land. Soos wat die kerke 'n belangrike rol gespeel het in die vreedsame oorgang na 'n nuwe bestel, sal hulle hulle inset moet bly lewer in die jare vorentoe. Soos reeds genoem, het heelwat van die probleme wat ons in die gesig staar, kante wat alles te doen het met die kerk en met dit waarvoor die evangelie staan.

As ons dit wil doen, sal ons aan vier sake dringende aandag moet gee:

### 'n Dieper kennisname van ons eie, unieke konteks

Ek is soms bekommerd dat baie kerkmense nie regtig weet wat in ons eie land aangaan nie. Ons begrip van die land en sy prosesse is dikwels gebaseer op indrukke, koerantberigte (eintlik ook net die opskrifte van koerantberigte) en sosiale braaivleisgesprekke hieroor.

Dit is nie goed nie. Reformatoriese Christene en kerke kan nie hul werk doen, hulle publieke rol speel, sonder 'n diep en geïntegreerde verstaan van die omgewing waarin hulle geroep is om te leef nie. Richard Niebuhr (1963:63) het iewers geskryf dat voor ons in die

kerk die vraag kan vra wat ons moet doen, ons altyd eers die vraag moet vra wat rondom ons aan die gebeur is. Dit vra van ons as kerk in SA dat ons dalk meer as in die verlede ons plaaslike konteks absoluut ernstig moet neem en moeite moet doen om te verstaan wat hier aan die gebeur is.

In die proses is dit nodig dat ons mekaar daaraan herinner dat terwyl daar sekere breër internasionale tendense en strominge is, elke land en streek sy unieke problematiek het. Suid-Afrika is nie Europa of die VSA nie en ons kan nie situasie-analises wat elders gedoen is net so oordra op SA nie. Iemand soos Peter Berger maak 'n sterk punt daarvan dat 'n mens baie versigtig moet wees met veralgemenings oor groot prosesse soos moderniteit en globalisering omdat selfs hierdie prosesse in verskillende lande 'n eie lokale gestalte en kleur het. Ek het selfs met die lees van Marty se boek weer besef hoe lokaal sy argument oor 'n publieke kerk is. 'n Pubieke kerk in SA gaan anders lyk en anders funksioneer as 'n publieke kerk in die VSA waaroor Marty skryf.

Ek dink ook ons mis 'n verantwoordelike teologies-sosiale teorie van wat in ons wêreld gebeur. In die meeste lande die wêreld oor (sekerlik in die Weste), is die lewe veel meer kompleks as wat dit bv. in die tyd van Reformasie was. Dit wat die publieke terrein genoem word, is nie 'n enkel-struktuur nie, maar 'n netwerk van subwêrelde wat mekaar wedersyds beïnvloed. Heelwat mense sal nog eintlik uitsluitlik aan politiek dink as ons praat van die publieke terrein. Daar sou 'n saak voor uitgemaak kan word dat die publieke terrein vandag dalk sterkter deur ekonomiese besluite en mediabesluite beïnvloed word as deur die politiek. 'n Mens sou nog 'n hele paar ander velde ook kon noem.

Ons het 'n taak om meer uit te vind oor hoe die publieke arena in ons konteks lyk, wie die hoofspelers is en wie besig is om wie te beïnvloed.

## Oortuig van die unieke waarheid van die evangelie

Hierdie dieper kennisname van ons eie konteks sal min werd wees as ons huiwer voor die vraag tot watter mate ons regtig nog met ons hele lewe vertrou op die Drie-enige God en sy evangelie. Ons sal ook grondige teologiese en geloofswerk moet doen en vir ons self groter duidelikheid kry oor hoe ons dink en wat ons glo oor die kerk en oor die God van die kerk.

Forrester (1997:9) praat van 'n 'failure of nerve' wat die kerke in die Weste ervaar het die laaste paar dekades. Ek meen om ook iets daarvan te sien by die kerk waarvan ek deel is en 'n hele paar van die ander Westers-georiënteerde kerke in SA. 'n Mens kan dit verstaan. Ons wêreld het die laaste paar dekades ingrypend verander: kerkmeelewingspatrone het dramaties geskuif, diep geloofswaarhede word aangeveg en bevraagteken en aannames waarmee ons dekades lank geleef en gewerk het, is onder ons uitgeruk. Dat hierdie gebeure aan ons ruk, is sekerlik nie vreemd nie. Wat wel onstellend is, is dat heelwat mense – ook kerkmense – aanvaar dat ons daarmee aan die einde van die klassieke christelike geloof gekom het.

Dit gebeur as 'n mens jou interpretasie van die evangelie gelykstel aan die evangelie self. Wat gefaal het in die Weste is nie die evangelie nie, maar 'n bepaalde interpretasie (of interpretasies) van die evangelie wat op 'n gegewe tydstip deur bepaalde groepe mense gedoen is. Hierdie soort mislukkings moet ons nie laat moed opgee nie, maar ons terugdryf na die Skrif en na die Lewende God met die hoop en die gebed dat Hy ons kan help om Hom en sy evangelie nuut te verstaan.

Hierdie teologiese en geloofswerk, glo ek, is in die huidige opset die kerk se eerste verantwoordelikheid. Dit is nie situasie-analise – al is hulle hoe goed gedoen – wat ons gaan help om ons hoop op die evangelie, ons oortuiging oor sy publieke waarheid en ons energie vir ons roeping terug te kry nie. Dit kan alleen kom van 'n herontdekking van ons

diepste identiteit wat gewortel en gegrond is in die Lewende, Drie-enige God. Ons publieke taak is ten diepste ’n geestelike taak.

## Saam met ander gelowiges

Terwyl die kerk al sy gestaltes nodig het om sy publieke rol te speel, sou ek graag hier die rol van die denominasie en die ekumene wou beklemtoon. Ek doen dit in die wete dat daar tans nie veel natuurlike energie vir die breër kerk en vir die ekumene is nie. So belangrik as wat die gewone getuienis van gelowiges en die rol van die gemeente is, net so onontbeerlik is die publieke getuienis van die ekumeniese kerk en die breër kerkverband.

Daar word besluite geneem op nasionale vlak wat die toekoms van die land en die lewens van die burgers van die land intens raak. Die kerk moet hieroor kan saampraat en die werklikheid is dat lokale gemeentes bitter moeilik met die regering of ander nasionale instansies kan praat. Dit kan ten beste gedoen word deur die nasionale kerkverband, en meer nog die ekumeniese kerk.

## Met groot verwagting

Te midde van enorme uitdagings is daar tog ook lig. Terwyl die Christendom in Europa klaarblyklik tans in ’n fase van afplatting is, is ons in Afrika midde in ’n sterk groeifase. Jenkins (2002:4) beweer dat die Christendom in Afrika in die afgelope eeu gegroei het van 10 miljoen tot 360 miljoen aanhangers. In SA self het die aantal swart mense wat aan Christelike kerke behoort van 1911 tot 1990 toegeneem van 26% van die swart bevolking tot 76% (Elphick & Davenport 1997:1). Statistiek soos hierdie vertel nooit die hele storie nie en ’n mens sou ernstige vrae kon vrae oor die diepte van die verbintenis aan die evangelie, maar een ding is wel duidelik: onder ons oë is hier iets groot besig om te gebeur in Afrika. Mag ons die genade ontvang om nie so oorbewus te wees van die probleme en ongerief wat ons soms verduur, dat ons die werke wat die Here onder ons doen, nie kan raaksien nie.

http://scriptura.journals.ac.za/



# BRONNELYS


Berkhof, H 1973. *Christelijk Geloof. Een inleiding tot de geloofsleer.* Nijkerk: Uitgeverij GF Callenbach.

Burger, CW 1999. *Gemeentes in die Kragveld van die Gees. Oor die Uniekie Identiteit, Taak en Bediening van die Kerk van Christus.* Gemeente en Bediening 4. Stellenbosch: BUVTON.

Elphick, R en Davenport, R 1997. *Christianity in South Africa. A Political, Social, and Cultural History.* Berkeley, LA: University of California Press.

Fackre, G 1991. *Christian Basics.* Grand Rapids: Eerdmans.

Fergusson, D 2002. "The Reformed Churches". In: Avis, P (red.). *The Christian Church. An Introduction to the Major Traditions.* Londen: SPCK.

Forrester, DB 1997. *Christian Justice and Public Theology.* Cambridge Studies in Ideology and Religion 10. Cambridge: Cambridge University Press.

Graafland, C 1989. *Kinderen van één moeder. Calvijns visie op de kerk volgens zijn Institutie.* Reformatie Reeks. Toerusting van gemeentelede. Deel 28. Kampen: Uitgeversmaatschappij JH Kok.

Hesselink, J 1997. *Calvin's First Catechism. A Commentary.* Columbia Series in Reformed Theology. Louisville, KY: Westminster John Knox Press.

Hexter, JH 1969. "Utopia and Geneva". In: Robb, TK en JE Siegel (reds.). *Action and Conviction in Early Modern Europe: Essays in Memory of EH Herbison.* Princeton: Princeton University Press.

Jenkins, P 2002. *The Next Christendom. The Coming of Global Christianity.* Oxford/New York: Oxford University Press.

Keifert, P 1992. *Welcoming the Stranger. A Public Theology of Worship and Evangelism.* Minneapolis: Fortress Press.

Marty, ME 1981. *The Public Church. Mainline-Evangelical-Catholic.* New York: The Crossroad Publishing Company.

Matheson, P 1998. *The Rhetoric of the Reformation.* Edinburgh: T & T Clark.

Matheson, P 2001. *The Imaginative World of the Reformation.* Minneapolis: Fortress Press.

Moltmann, J 1999. "*Theologia Reformata et Semper Reformanda*". In: Willis, D en M Welker (reds.). *Toward the Future of Reformed Theology. Tasks, Topics, Traditions.* Grand Rapids/Cambridge: WB Eerdmans Publishing Company.

Newbigin, L 1978. *The Open Secret. An Introduction to the Theology of Mission.* Grand Rapids, MA: WB Eerdmans Publishing Company.

Newbigin, L 1991. *Truth to Tell. The Gospel as Public Truth.* Londen: SPCK.

Newbigin, L 1989. *The Gospel in a Pluralist Society.* Londen: SPCK.

Niebuhr, HR 1956. *Christ and culture.* New York: Harper.

Niebuhr, HR 1963. *The Responsible Self: An Essay in Christian Moral Philosophy.* San Francisco: Harper & Row, Publishers.

Statistiek Suid-Afrika, 2001 Sensus.

Wainwright, G 2000. *Lesslie Newbigin. A Theological Life.* Oxford/New York: Oxford University Press.

Williams, CW 1967. *The Church. Volume IV.* New Directions in Theology Today. Philadelphia: The Westminster Press.